

Skriflesing: 1 Konings 17: 7-16Teks: **1 Konings 17: 13 – 14**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 31:1,4****TYDENS EREDIENS – Ps. 31:15, 19; Ps. 119:6,7; Ps. 71:1,10; Ps. 18:1, 13****1 Konings 17: 7-16****1Ki 17:7** Uiteindelik het die spruit opgedroog omdat die land nie reën gekry het nie.**1Ki 17:8** Toe het die woord van die Here weer tot Elia gekom en gesê:**1Ki 17:9** "Gaan na Sarfat toe by Sidon en gaan bly daar. Ek het 'n weduwee daar opdrag gegee om vir jou te sorg."**1Ki 17:10** Hy gaan toe na Sarfat toe, en toe hy by die poort van die stad kom, was daar 'n weduwee net besig om houtjies op te tel. Hy vra haar toe: "Gee my asseblief 'n bekertjie water om te drink."**1Ki 17:11** Terwyl sy dit gaan haal, roep hy agter haar aan: "Bring vir my asseblief 'n stukkie brood saam."**1Ki 17:12** Toe sê sy: "So seker as die Here u God leef, ek het nie meer brood nie, net 'n handvol meel in die kruik en 'n bietjie olie in die erdekan. Ek maak nou maar 'n paar houtjies bymekaar en dan gaan ek vir my en my seuntjie iets klaarmaak om te eet. Daarna moet ons maar doodgaan."**1Ki 17:13** Elia sê toe vir haar: "Moenie bekommerd wees nie. Gaan maak dit klaar net soos jy gesê het, maar maak eers vir my 'n roosterkoek en bring dit hier, daarna kan jy vir jou en jou seuntjie sorg."**1Ki 17:14** So sê die Here die God van Israel: Die meel in die kruik sal nie opraak nie, en die olie in die kan sal nie minder word nie, totdat die Here laat reën het op die land."**1Ki 17:15** Sy gaan maak toe soos Elia gevra het. Van toe af het hulle genoeg gehad om te eet, hy en sy en haar gesin.**1Ki 17:16** Die meel in die kruik het nie opgeraak nie, en die olie in die kan het nie minder geword nie, soos die Here deur Elia beloof het.**Skriflesing:** 1 Konings 17: 7-16Teks: **1 Konings 17: 13 – 14**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 31:1,4****TYDENS EREDIENS – Ps. 31:15, 19; Ps. 119:6,7; Ps. 71:1,10; Ps. 18:1, 13**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vir die volgende klompie weke as dit die Here se wil is, wil ons in die lewe van die Here se profeet Elia inkom. Hy was iemand wat soos baie ander profete nie alleen God se Woord moes verkondig nie, maar baie dinge in sy lewe, ook sy optrede gee duidelik te kenne nie net wat God sê nie, maar ook wat God doen. God praat nie net deur sy Woord met ons nie, maar hoe belangrik om in ons dae te besef, dinge wat in ons kerke gebeur, dinge wat in ons dorp gebeur, dinge wat in ons land gebeur, is dinge wat uit God se hand oor ons kom. God se hand wat op baie maniere in die lewe van Elia aan die werk was. God se hand is ook in jou en my lewe aan die werk. Dalk is sommige dinge by Elia vir ons vreemd, maar besef God wil nie vir jou vreemd wees nie, al kom daar vreemde dinge oor jou pad.

Vir Elia het daar ook vreemde dinge op sy pad gekom. Eers die gebeure by die spruit Krit. Daar waar onreine kraaie vir Elia kos gegee het. Op sigself is dit 'n wonderwerk. Nou ons weet Elia self het ook verskillende wonderwerke deur God se genade kon doen, maar wat ook nou met hom gebeur waar 'n kraai vir hom kos gee, is ook 'n wonderwerk op sy eie. Die vraatsugtigste van voëls, kraaie kom lewer vir hom kos af. God se sorg ken inderdaad geen perke nie. Al gaan dit sleg daarbuite. By Elia het dit sleg gegaan.

Dit was droogte, trouens die eerste wonderwerk wat Elia self beleef het, wat hyself voor verantwoordelik was om vir God te bid dat dit nie moet reën nie. Verskriklik as God se dienaar so 'n gebed bid, maar hy het dit gebed omdat sy volk so vervalle geraak het. Hulle het God se Woord geminag, sy verbond verbreek. Die Baäldiens het hulle godsdiens begin word. Elia se volk het Baäl as hulle nuwe god aangeneem. Dis baie ironies wat gebeur. Baäl was deur die heidene gesien as die god van reën en vrugbaarheid. Nou sorg Elia se gebed dat dit nie reën nie. Hierdeur word bewys dat Baäl kan nie die lewe waarborg nie.

Die Here laat deur Elia se kragtige gebed waar hy bid vir droogte, toe laat die Here vir 42 maande geen reën toe nie. Drie en 'n halwe jaar word dit droog. Die Baäldiens help Israel niks. Elia se volk moet maar die lesse van die lewe ook op 'n harde manier begin leer. Elia sou ook met 'n volk te doen kry wat al harder in hulle harte word. Hulle harte word soos die wêreld waarin hulle bly. Droog en hart. Harde harte wat nie na God wil terugkeer nie. Daarom gee God die volk geheel en al aan hulle dwaasheid oor.

Mag ons in die reeks dit goed raaksien dat Elia self gaan deur baie swaar dinge. Daar by die spruit Krit, al sorg die kraaie wonderbaarlik, sien Elia hoe sy gebed vir droogte in vervulling gaan. Hoe hard tref die droogte homself ook nie. Daardie dag toe hy by die goddelose koning Agab se paleis weggestap het, hy vir Agab en sy goddelose vrou Isebel gewaarsku het, toe het die droogte inderwaarheid begin. Elia sou elke dag die spruit sien wegwyn en al droër word. Tot daardie dag wat die verskroeiende son die laaste plassie water laat opdroog het.

Ons sien Elia se hart, ons sien Elia se hoop in daardie kwynende water. Hoe sou hy nie gehoop het dat sy volk anders moet wees nie, hulle weer na God sal terugkeer, dat daar tog net bekering kom. Dan sal God weer reën wil gee. God sal dit wil doen, maar solank die volk dink Baäl gee vir ons reën, hoe langer hoe meer sal God die reën laat wegbly. Ons sou kon dink Elia het daar by die spruit met verlange gewag na die dag wat die volk hulle ore sal oopmaak, hulle harte sal oopmaak en hy na die paleis kan terugkeer en vir Agab kan sê, God is julle genadig. God het julle berou gesien, vanaand sal dit weer reën. Daardie dag het eenvoudig net nie aangebreek nie. Die volk het net al hoe harder geword. Hoe meer die bodem van die Kruitspruit sigbaar geword het, hoe meer was Elia se hoop ook in daardie bodem ingeslaan. Die spruit word die simbool van die volk, hard en droog, hulle is verhard

in hulle harte, hulle hou maar net aan om die enigste ware God, Hy wat ons God is te verwerp.

Nou laat God Elia wegtrek van daardie droë spruit. God doen wat sommige weer sou sien maar hoekom laat God die vreemde gebeur. Elia moet weg van sy volk trek. Hy moet dieper die Baäl land intrek. Hy moet na Sarfat gaan. Sarfat was 'n dorpie, 'n voor stadjie van Sidon, dit was juis die sentrum van die Baäldiens! Daar was hulle koning se naam Et-Baäl. Duidelik beteken die naam iets van Baäl is met ons. Die koning Et-Baäl het die Baäldiens al meer die hoogtes laat inklim, aan Baäl wou hy al meer die eer gegee het. Ons weet hierdie koning was juis die pa van koning Agab se goddelose vrou Isebel. Isebel wat ook al daarvoor gesorg het dat haar man die Baäldiens al meer in Israel ingevoer het. Nou stuur die Here sy profeet juis al nader na Baäl. Al meer die Baäl wêreld binne! Deur Elia dryf God as't ware die spot met die Baäl aanbidders. Daar waar die mense die meeste hierdie afgod aanbid, God dring hulle eie koninkryk binne. Hulle wat dink ons koninkryk behoort aan Baäl, daar sal God presies wys Wie Hy is. Ja, as dit vir ons gaan om die groot tema wat ons dikwels uit die preke rondom Elia moet hoor, nl., die HERE, Hy is God, Hy alleen is God, dan moet ons dit al duidelik daar in Sarfat ook hoor en raaksien.

Dit moet ons in die optrede van Elia goed raaksien, God het Hom as't ware self uit Israel verwyder. God het nie van Israel weggevlug nie, God is Een wat nooit sal wegvlug nie, Hy bly altyd in beheer, Hy regeer. Tog as God Homself as't ware uit Israel verwyder, God trek Hom in hierdie sin terug, dan soek God juis die antichris in sy lêplek op. God sal die gode en trone wat daar teen Hom opgestel word, self van hulle trone afstoot maar die mens wat dan teen God gekies het, soos wat Israel in die tyd van Elia gedoen het, sal dan die gevolge dra en moet raaksien wat gebeur.

Ons sien dit later nog weer in die geskiedenis van Israel. As God sy volk in die Babiloniese ballingskap laat kom dan gee God eintlik sy volk aan hulle vyande oor. God het Hom ook toe uit Jerusalem teruggetrek. Maar tegelyk het God toe Babel binnegetrek en deur middel van sy knegte Daniel, Hananja, Misael en Asarja gewys dat Hy, Hy alleen, die enigste God is. God het dieselfde gedoen toe die Jode God se enigste Seun verwerp het. Hulle het hulle Verlosser verwerp! Toe stuur God sy apostel Petrus na 'n Romeinse hoofman. Ja, die Romeine was juis die Jode se grootste vyande, maar God laat uit dié heidendom sy kerk na vore kom. Paulus was die apostel wat meestal met die heidene moes werk, juis nie met die

Jode nie, want hulle het God se Seun verwerp. Wat kan erger wees as om ons Verlosser te verwerp! So het Paulus in die hart van die heidendom voor die keiser getuig dat alleen Christus, die Seun van die Allerhoogste God is, dat Hy alleen die Here van die hemel en die aarde is. Handeling 13 vers 46 vat dit goed saam as ons daar lees- *46 Paulus en Barnabas het reguit vir hulle gesê: “Die woord van God moes eerste aan julle verkondig word. Maar omdat julle dit verwerp en daarmee beslis dat julle die ewige lewe nie werd is nie, gaan ons nou na die mense toe wat nie Jode is nie, 47 want so lui die Here se opdrag aan ons: “Ek het U gegee as 'n lig vir die nasies, sodat U verlossing kan bring tot in die uithoeke van die aarde.*

Ons hier in die Suidpunt van Afrika is in 'n sekere sin ook deel van 'n uithoek van die aarde. Hier waar ons bly nog weer 'n ander uithoek, die uithoek van die Kaap. Hoe wonderlik as ons besef God het sy heil laat deurbreek ook na ons, soos wat iets van God se wondere heil, ja alles so 'n groot wonderwerk wat daardie dag na daardie weduwee in Sarfat sou deurbreek. Iets waarop sy haarself nie kon voorberei nie, juis op hierdie Sondag wat ons met ons voorbereiding vir volgende Sondag se Nagmaal besig is. Sy was buite Israel maar nie buite bereik van God nie. God maak haar deel van sy Israel wat beslis om méér gaan as gewoon net die volk Israel. Trouens gewoon die volk Israel het hulle rug op die Here gekeer, maar is Hy dan nie God wat gesê het, dat Hy selfs uit die klippe kinders van Abraham kan verwek.

As Elia in Sarfat kom is dit asof God klaar die voorbereiding gedoen het. God het haar klaar vir sy kneg gekies, al weet ook sy dit nog nie. Dis waarom die Here kon sê dat Hy reeds aan 'n weduwee in Sarfat *beveel gegee* het om Elia te onderhou. Sy kom in lyn met die kraaie. God het aan die kraaie *bevel gegee* om Elia se kos deur die lug aan te vlieg. Nou weer word die vrou wonderbaarlik ingeskakel om God se profeet te versorg. God gee die bevel ... Tog sou sy ook voorberei moes word om te glo, om te vertrou, om te doen. Dit wat ons vandag ook by ons voorbereiding moet kan raaksien.

Dit begin by haar wat gewoon uitgegaan het om hout bymekaar te maak. Tog was dit nie maar somer 'n gewone houtmasonry nie. In haar agterkop was dit iets van sterwensbegeleiding, iets van die dood waarvan ek en my seun nie kan wegvlug nie. Elia kom daar aan en die verhaal laat tog iets deurkom van Elia het seker aan die vrou se klere gesien sy is 'n weduwee. Weduwees was gewoonlik kenmerkend geklee maar daar is seker tog ook nog ander weduwees gewees. Daarom is dit asof Elia eers 'n toets aanlê of sy werklik die vrou is

waarna die Here hom verwys het. Hy sal hierdie vrou toets of sy wel gehoorsaam is aan sy woord. Iets wat sy eie volk verloor het, ware gehoorsaamheid, ware vertrouwe, nou toets hy hierdie vrou hierin. *“Gee my asseblief 'n bekertjie water om te drink.”* Sy maak soos hy sê, maar dan maak Elia die toets nog 'n bietjie moeiliker. Daar kom 'n agterna stem... *“Bring vir my asseblief 'n stukkie brood saam.”* Dan antwoord sy in haar seer, in haar stryd wat sy nou klaar wil stry, dat sy het nie meer wat hy ook kan eet nie.

Water nog maar asseblief tog nie ook brood nie. Daar is maar 'n handjievul meel in die kruik en die oliekan se bodem is al oop. Daar is nog net 'n bietjie olie wat sy vir haarself en haar seuntjie wil gebruik om dan maar daarna die droogte in sy ergste te moet deur, want hongersnood is werklik die dood aan honger. Nou kom die grootste toets vir hierdie vrou wat as jy jouself in haar skoen moes plaas, wat sou jy gedoen het? Wat sou jou en my reaksie gewees het as Elia by vandag se voorbereiding, ja in omstandighede soos hierdie vir jou sê: *“Moenie bekommerd wees nie. Gaan maak dit klaar net soos jy gesê het, maar maak eers vir my 'n roosterkoek en bring dit hier, daarna kan jy vir jou en jou seuntjie sorg. 14 So sê die Here die God van Israel: Die meel in die kruik sal nie opraak nie, en die olie in die kan sal nie minder word nie, totdat die Here laat reën het op die land.”*

As ek en jy dink ons was al waarlik in ons lewe getoets, ja God toets ons ook, maar wat sal ons by so 'n toets maak?! Dis 'n vraag wat by voorbereiding sekerlik in ons harte moet leef. Elia wat aandring dat hy eerste kos gegee moet word. ... *gee eers vir my 'n roosterkoek en bring dit hier ...* Wat sal ons reaksie wees? Dalk iets van watter voorbarigheid is dit, dadelik daarmee saam, ek sal nie so onverantwoordelik met die bietjie meel en die nog minder olie mag omgaan nie. Ons sal ons sondige natuur en ons kantige logika in sulke omstandighede so makliker die groter saak, die groter erns wil maak, as wat ons maar net sou doen wat die man van God van my vra. Gehoorsaamheid is so dikwels by die deur uit, veral as God van jou en my, dit wat jy meen jou stoflike is, jou laaste rede tot bestaan, en nou word dit ook boonop van my opgeëis. Kan ek bekostig om dit eenvoudig weg te gee. So maklik is dit nie!

Elia het wel dadelik die belofte tot 'n wonderwerk uitgespel, maar kan ek dit glo? Is dit nie maar net sagmaak woorde nie, iets waarmee ek my nie sal laat vang nie. Dis die mens wat daar staan, ek en jy wat volgende Sondag wil Nagmaal vier. Sou ons hierdie toets geslaag het?!

Die vrou uit die heidenland spreek egter nie teë nie. Dis op sigself al 'n wonderwerk in aansluiting met die wonderwerk wat dan inderdaad gevolg het. Die arm heidense weduwee wat bereid is om die minste te wees en saam met haar seun te sterwe, sodat die profeet kan lewe. In werklikheid doen sy wat sy self nog nie besef watter pragtige toonbeeld word haar lewe nie. Dit gaan hier maar nie net om die man van God wat sy eerste stel nie, maar sy stel God eerste.

God wil dat ons Hom weer hierin moet toets. Daar is baie dele in God se Woord wat jou en my wil laat verstaan as jy God in jou lewe eerste stel, dan gaan jou hele uitkyk op jou lewe verander. Jou uitkyk op die lewe verander maar ook jou uitkyk op die dood sal verander. God wat dit sê – toets my hierin. Of soos wat ons dikwels in God se Woord dit mag hoor- *gee ag ... gee ag op die dinge wat met jou in jou lewe en jou land gebeur. Die profeet Haggai staan heeltemal in lyn met wat Elia ook bewys het. Haggai 1 vers 5 is dit asof dit by herhaling staan- Gee ag op wat julle wedervaar het: 6 julle het baie gesaai, maar min ingebring; julle het geëet, maar nie tot versadiging nie; julle het gedrink, maar nie genoeg gekry nie; julle het jul geklee, maar nie warm geword nie; en wie hom vir loon verhuur, verhuur hom om dit in 'n stukkende beurs te steek. 7 So sê die HERE van die leërskaar: Gee ag op wat julle wedervaar het!*

Wie God en sy diens nie eerste stel nie, hoe kan so 'n mens verwag God moet hom/haar dan eerste stel. Haggai spel dieselfde gevolge uit waarvoor Elia lank terug gebid het. Haggai 1 9-11- *Julle het uitgesien na baie, en kyk, dit het min geword; en julle het dit in die huis gebring, maar Ek het dit weggeblaas. Waarom? spreek die HERE van die leërskaar. Ter wille van my huis wat in puin lê, terwyl elkeen van julle vir sy eie huis hardloop. 10 Daarom het die hemel bo julle die dou ingehou en die aarde het sy opbrings teruggehou. 11 En Ek het droogte oor die land geroep en oor die berge en oor die koring en oor die mos en oor die olie en oor alles wat die grond oplewer; en oor die mense en oor die diere en oor alle arbeid van die hande.*

Besef u deur ons lewenswyse, deur ons ingesteldheid, deur ons gebrek aan offervaardigheid bring jy droogte in jou hart, droogte in jou huis, omdat jou ywer vir God so droog is. Hierdie vrou by wie die Here dit heeltemal anders aangetref het, kyk die wonder wat ons nie droog van kan wegstap nie. Met haar wil ons volgende Sondag na die Nagmaal toe stap. Dit gaan

wel om wat daar binne jou aan die gang is. Of jy wel ag gee op dit wat vir God belangrik is. Jou diens aan God maak dit duidelik of jou idee oor God wel reg is. God wat Hom laat toets omdat Hy ook die God is wat jou toets.

God het Abraham getoets toe Hy hom gestuur het om sy enigste, die seun Isak waarvan alles afgehang het, of Abraham wel bereid sou wees om daardie kind se keel af te sny. Abraham het geweet so skerp soos my mes ook al mag wees, al spat my kind se bloed na alle kante, God sal die kind weer die lewe kan inbring. Dis die tipe geloof wat beslis nie maklik is nie, maar wat nodig is.

Die tipe geloof wat ons by hierdie weduwee ook sien, al verloor ek nou alles is ek by God nie verlore nie. God laat voor haar oë dit gebeur, as jy die Baäls uit jou lewe verwyder, jy glo in God, jy vertrou Hom, hoor hoe mooi stel Elia dit en dit alles gebeur toe net só- *Die meel in die kruik sal nie opraak nie, en die olie in die kan sal nie minder word nie, totdat die Here laat reën het op die land.*” 15 *Sy gaan maak toe soos Elia gevra het. Van toe af het hulle genoeg gehad om te eet, hy en sy en haar gesin.* 16 *Die meel in die kruik het nie opgeraak nie, en die olie in die kan het nie minder geword nie, soos die Here deur Elia beloof het.*

Mag ons beseef in wat die Here van ons vra is in alle geval die dinge wat Hy vir ons gegee het. Hy vra niks van ons wat Hyself nie eers gegee het nie. Jy word wel getoets in hoe jy maak en wat jou gesindheid is rondom die dinge wat God in alle geval vir jou gegee het. Maleagi 3 vers 10 is presies ook hiermee in verband- *10 Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.*

Vorbereiding is om jouself ook te toets waar staan ek in wat vandag gehoor is. Aan die kant van hulle wat dink hulle is die Gods volk, hulle is Israel, maar hulle harte en gesindheid was so droog soos die wêreld waarbinne hulle was. Hulle het hulle aan Baäl oorgegee. Die droë Krit spruit was eintlik maar 'n weerspieëling van die land wat die onreines beter geword het as die kamtige heiliges. Onrein kraaie dra kos aan want mense wat sorg was daar nie vir Elia nie. Of staan ek met hierdie voorbereiding by die weduwee wat sy gedink het haar sterwensbegeleiding is al wat sy op aarde oorgehou het, toe maak God haar

sterwensbegeleiding, wel dan Sy lewens begeleiding. Die vraag is of jy jou wel ook hierin sal laat toets? Sal laat begelei?

AMEN